# Totsiens Godsdiens 1

## Waaroor gaan dit rêrig?

**Louis Du Piesanie 10/03/2019**

**2 Timoteus 3:5 (AFR83) "Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af."**

**Efesiërs 2:8-9 (1983 Vertaling) "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie."**

**1. RELIGIE TEENOOR VERHOUDING MET GOD**

**1.1.** Religie of Godsdiens (Self moeite, werke of dienste)

- **Wat is die doelwi**t?
  Jy probeer jou pad hemel toe verdien.
- **Wat beteken dit?**
  Jy lewer dienste en werke met die hoop van 'n beloning (hemel).
- **Met watse krag?**
  Goeie, eerlike poging deur selfbeskikking.
- **Wie is in beheer?**
  Self beheersing en motivering.
- **Resultate:**
  Apaties, mislukking, chroniese skuldgevoelens, ewige skeiding van God.

**1.2.** Verlossing deur geloof In Jesus Christus (persoonlike verhouding)

- **Wat is die doelwit?**
  Ten volle vertrou in Jesus, dan leef jy om Hom tevrede te stel.
- **Wat beteken dit?**
  Bely sondes, berou, gee onsself oor aan Jesus.
- **Met waste krag?**
  Heilige Gees doen God se werk in en deur ons.
- **Wie is in beheer?**
  Heilige Gees beheer & gee rigting aan ons lewens.
- **Resultate:**
  Liefde, vreugde, vrede, vryheid, oorwinning, krag, ewige lewe in die hemel.

**Johannes 14:6 (AFR83) "Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."**

**Galasiërs 1: 6-7 (AFR83) "Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem. Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring."**

**2. WAT IS DIE TWEE MEES ALGEMENE BESTANDDELE VAN GIFTIGE GODSDIENS?**

**2.1.** Dit fokus op die eksterne eerder as die interne.

**Matteus 23:25 (NLV) "Ellende wag vir julle, julle skynheilige skrifkenners en Fariseërs! Want julle maak die buitekant van die beker en die skottel blinkskoon, maar aan die binnekant is julle vuil van grypsug en selfsug."**

**2.2.** Dit bevorder geestelike trots.

**Lukas 18:9-10 (NLV) "Toe het Jesus hierdie gelykenis vertel met die oog op sommige mense wat oortuig is dat hulle saak voor God reg is, maar die ander mense verag het: 10 "Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar."**

**Lukas 18:11-12 (NLV) "Die Fariseër het gaan staan en by homself gebid: 'O God, ek is dankbaar teenoor U dat ek nie soos die ander mense is nie – diewe, onregverdiges, ontugtiges of ook soos hierdie tollenaar. Ek vas twee keer gedurende die week, en ek gee 'n tiende van alles wat ek verdien!"**

**3. DRIE IDEES RONDOM DIE VOLGENDE SKRIF VERS:**

**Romeine hoofstuk 3: 20-22 (NLV) "Niemand sal dus op grond van wetsgehoorsaming voor God vrygespreek kan word nie. Hoe beter ons die wet van God leer ken, hoe duideliker blyk ons sonde. Maar nou het God vir ons 'n ander weg bekendgemaak waardeur ons sy vryspraak kan verkry – nie deur wetsgehoorsaming nie, maar langs die weg waarvan die Skrif al lankal getuig: God spreek ons vry deur geloof in Christus Jesus en dit geld sonder onderskeid vir almal wat glo."**

**3.1.** Jy kan nie God se aanvaarding verdien deur die wet te gehoorsaam nie.
**3.2.** Die doel van die wet is om jou te wys dat jy 'n redder nodig het.
**3.3.** Geregtigheid met God kom deur geloof in Christus alleen.

**Lukas 18:13-14 "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig."Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."**

## Gesprek Gids

## Totsiens godsdiens

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Probeer jy jou eie pad hemel toe vind of vertrou jy dat Jesus klaar die pad vir jou reg gemaak het?
2. As jy eerlik is met jouself – Het jy geestelike trots soos die Fariseër in Lukas 18 of is jy meer soos die tollenaar?
3. Het jy ‘n verhouding met God of is jy meer gefokus daarop om ‘n godsdienstige lewe te lei?